

Siektestatus van Moere

Artikel: Dr. Pierre Nortje (Agrinor Professional Consultants)

Gesertifiseerde moere is nie siektevry nie. Gesertifiseerde moere voldoen aan die gestelde vereistes tydens sertifisering. Alle aartappelprodusente behoort 'n grondige kennis van die Sertifiseringskema te hê ten einde die **voordele van gesertifiseerde moere te verstaan asook die beperkinge daarvan**.

Hoe meer ingelig die produsent is, hoe beter kan hy sy produksiebeplanning doen. Kopers van moere word aangeraai om die knolinspeksieverslae van die moere wat aangekoop word, by die moerkweker te bekom. Hierdie verslae is van groot waarde, maar dit is net so belangrik dat die inhoud daarvan reg verstaan word. Moerkwekers behoort ook te besef dat die beskikbaarstelling van hierdie verslag die geloofwaardigheid van hom as kweker en sy moere 'n hupstoot gee. ('n Grondige kennis van die Sertifiseringskema is dus noodsaaklik, andersins beteken genoemde verslae niks vir die aankoper van moere nie.)

- Dit is noodsaaklik om bewus te wees van potensiële siekteprobleme wat kwaliteit kan beïnvloed.
- Potensiële probleme moet geïdentifiseer of laat identifiseer word.
- Die nodige stappe om probleme te verhoed of te beperk moet korrek en tydig uitgevoer word.

Alhoewel die meeste siektes, plaë en afwykings 'n rol speel by die kwaliteit van moere, moet veral van die volgende kennis gedra word by die aankoop van moere:

Virusse

Virusse soos byvoorbeeld PVY en rolbladvirus vertoon baie seldse simptome in die moere en daaropvolgende dogterknolle, maar moere wat swaar met hierdie virusse geïnfekteer is, kan minder groeikragtig wees en kan die opbrengs en selfs die stand van die daaropvolgende aanplanting dus nadelig beïnvloed word. Kromnekvirus en die nuwe ras van PVY, PVY^{NTN}, vertoon wel inwendige knolsimptome en benadeel nie net die opbrengs nie, maar sal die kwaliteit van die oes wesentlik beïnvloed.

Die gebruik van gesertifiseerde moere beperk die teenwoordigheid van al genoemde virusse tot aanvaarbare peile. Die meeste virusse word deur plantluise van een generasie moere na die volgende oorgedra. Virusse kan nie in grond oorleef nie, maar indien 'n moer eers met 'n virus geïnfekteer is, dan bly die moer besmet.

Tydens die knolinspeksie neem die Sertifiseringsdiens 'n verdere monster vir virustoetsing (nakontrolle). Produsente word aangeraai om die nakontrolle uitslag by die moerkweker te bekom. Hierdie uitslag is moontlik meer akkuraat as die landmonsteruitslag aangesien virusinfeksies wat laat in die groeiseisoen plaasvind moontlik deur die landmonstertoets "gemis" kan word. Die

ingebruikneming van nuwe tegnologie soos byvoorbeeld DNA-toetsing van moere, sal hierdie probleem grootliks beperk.

Bakteriese siektes

Sommige bakteriese siektes is in baie gevalle verantwoordelik vir die vrot en swak opkoms van moere. Hoewel die bakteriese siektes simptome op die plant en/of in die knol ontwikkel kan bakteriese siektes ook latent in/op knolle voorkom.

Streng skematoleransies is geldig vir bakteriese siektes. Voor sertifisering plaasvind, word land- en knolinspeksies uitgevoer en moet die moere aan die vereiste standaarde voldoen om gesertifiseer te word. Tydens knolinspeksies word veral die status van die moere ten opsigte van bakteriese siektes soos bruinskurf en bakteriese sagtevrot bepaal. Dit is egter belangrik om bewus te wees dat knolinspeksies uitgevoer word nadat die moere reeds vir skilsiektes gesorteer is. Die inspeksie vind dus plaas op die finale produk wat aangebied word. Indien daar dus wel byvoorbeeld bruinskurf in die grond en dus in die oes teenwoordig was is die kans goed dat daar wel bruinskurfspore op die "skoon" moere teenwoordig kan wees.

Swamme

Soos in die geval van bakterieë kan sommige swamme tot die vrot van moere voor en na plant bydra. Die belangrikste swamme wat 'n rol by aartappelverbouing speel, is *Rhizoctonia* (swartskurf), laat- en vroeë roes, silwerskurf, swartspikkel, poeierskurf, *verticillium* verwelk, droë vrot en puntjievrot.

Gesertifiseerde moere moet aan die gestelde standaarde ten op sigte van swamme tydens land- sowel as knolinspeksies voldoen. Dit is egter belangrik om te weet dat van die swamme, afhange van omgewingstoestande (byvoorbeeld tydens koel-opberging), vinnig kan vermeerder. Dit impliseer dat die moere na 'n tydperk van opberging nie meer aan die gestelde vereistes voldoen nie. Die moerkweker kan egter nie hiervoor aanspreeklik gehou word nie, aangesien die moere wel tydens sertifisering aan die vereistes voldoen het. **Verskeie moerkwekers behandel moere met sukses voor koelopberging teen swamme soos byvoorbeeld silwerskurf en swartspikkel.** Goeie kommunikasie tussen kopers en moerkwekers is noodsaaklik en tot voordeel van beide partye. Moere kan ook net voor plant weer behandel word ten einde verdere ontwikkeling van sekere swamsiektes op die moere te beperk.

Fisiologiese afwykings en ander faktore

Die kwaliteit van moere kan deur fisiologiese afwykings waar geen patogene betrokke is nie, beïnvloed word. Hierdie af-



GRIMME

Innoverende aartappel tegnologie

wykings, en veral dié wat in die moer voorkom, word deur ongunstige of abnormale omgewingstoestande tydens groei of gedurende opberging veroorsaak. Voorbeelde hiervan is interne bruinvlek (swak spruiting), swart hart, lentiselverkleuring (verrotting), lae temperatuurbeskadiging (swak spruiting) en vogverliese.

Verskeie ander faktore kan tot swak prestasie van moere lei soos byvoorbeeld ernstige meganiese beskadiging en swaar infestasie deur aartappelmot.

Verwysings

1. Struik, P.C., Wiersema, S.G., 1999. Seed Potato Technology. Wageningen Pers, Wageningen, The Netherlands, 1999.

Dr Pierre Nortje (Agrinor Professional Consultants)
Kontakbesonderhede:
082 388 4036
agrinor@absamail.co.za

Die skema is beskikbaar op die ASD webwerf:
www.potatocertification.co.za ©

SUMMARY

The demands of the fresh market and processing companies have resulted in potato farmers adopting hi-tech production techniques in order to attain the high standards required of their produce. In order to achieve these challenges it is essential that all information regarding the seed potatoes that are to be planted is available. This can enable farmers to plan their plantings and yield as well as to attain quality objectives. The most important information required is to be aware of the plant-readiness of seed tubers, growing conditions the seed experienced and cold storage practices as well as the phyto-sanitary status of the seed to be planted. Farmers should obtain certification reports and be knowledgeable about the Certification Scheme and the potential and limitations of certified seed. Early generation seed is not necessarily better than seed of older generations. Good communication between farmers and seed suppliers is essential. The effect of viruses, bacterial and fungal diseases on certified seed potatoes are discussed.



Klip en kluit skeiding



Plant



Groei-fase



Oes



Was- en paklyne

IMPLEMENTE Hannes 082 559-8501
WAS & PAK TOERUSTING Vincent 082 552-2494
KANTOOR 011 496-2800

DORMAS

www.dormas.co.za